Date : March, 02 , 2010 Publication : Burger Die Page Number : 3

‘Die keiser is nou kaal . . .’

Dr. Dirk Hermann Foto: HALDEN KROG

Die vraag is

HEINDRICH WYNGAARD

Die arbeidshof het verlede week in die saak tussen kapt. Renate Barnard en die SA Polisiediens beslis poste mag nie vakant gelaat word omdat 'n geskikte regstellende aksie-kandidaat nie gevind kan word nie. Dr. Dirk Hermann, adjunkhoof van Solidariteit, wat Barnard bygestaan het, is hieroor uitgevra.

Steek jy nou tong uit vir regstellende aksie?

Nee, wat ons doen is om vir die regering en vir instellings wat buite die wet regstellende aksie toepas tong uit te steek. Die regter het gesê die SA Polisiediens is skuldig aan onbillike rassediskriminasie. Ons het hulle eintlik teruggebring binne die wet omdat hulle vir die wet tong uitgesteek het.

In beginsel dus "ja" vir regstellende aksie?

Ja vir regstellende aksie wat daartoe sal lei dat 'n beter lewe moontlik is vir almal, wat gelykheid daar sal stel eerder as om nuwe ongelykheid te skep.

Maar beteken regstelling hier nie by implikasie dat ander benadeel sal word nie?

Dit is 'n verkeerde uitgangspunt. Dit moet ten doel hê om aan die einde van die dag gebalanseerde groei te bewerkstellig.

Daai is jou eie wens vir regstellende aksie en nie wat die wet bepaal nie.

Een van die probleme is juis dat die wet net op getalle fokus. Die fokus is so op rassegetalle dat werklike regstelling deur die mat val. Die vraag moet wees wat kan ek doen om mense te bemagtig, eerder as om net op rassegetalle te fokus.

'n Akademiese argument, reg?

Dit is wat internasionaal werk. Die regte manier is dat jy die individu werklik bemagtig eerder as om die wiskundige model te volg wat net gebaseer is op statistieke en 'n demografiese telkaart. Die slagoffers hiervan is alle minderhede en nie net wittes nie, daarom is die frustrasie oor regstellende aksie groter onder bruin mense in die Wes-Kaap as (onder minderhede) in die res van die land.

Maar julle praat nooit werklik dáároor nie.

'n Bruin lid van Solidariteit het aan my gesê: "Julle wit mense is kwaad oor regstellende aksie. Ons bruin mense is bitter daaroor."

En wat doen julle daaraan?

Ons werk om die statistiese model (van regstelling) in Suid-Afrika te verander. Dit is hoekom die Renate Barnard-saak so kritiek is: dat mense nie uitgesluit kan word omdat hulle nie deel van die demografiese statistieke is nie.

> Die regte manier is dat jy die individu werklik bemagtig eerder as om die wiskundige model te volg.

En by watter kritieke saak het julle al namens 'n bruin persoon opgetree?

Die groot saak waarby ons betrokke was, was die Leon Christians en Eskom-saak, wat die hele onreg van die bruin gemeenskap en regstellende aksie uitgelig het. Ons het die saak verloor, maar ons het nie opgehou nie, soos die (Barnard)-saak wys.

So wat lê nou ná die uitspraak voor vir regstellende aksie?

Daar is twee goeters: Die uitspraak het 'n spesifieke presedent geskep dat poste nie vakant gelaat kan word net omdat 'n regstellende aksie-kandidaat nie gevind kan word nie. Die ander is dat regstellende aksie die wêreld oor aan sterwe lê – in Maleisië, Indië, Sri Lanka en Amerika – en dit lê vir Suid-Afrika ook voor.

Hoe regstellende aksie in Suid-Afrika toegepas word, is deur die res van die wêreld verwerp omdat dit net 'n klein elite-groep bevoordeel en nie noodwendig deur wittes se protes daarteen nie.

Maar lê daar nie gevaar in dat die opstand uiteindelik teen alle bevoorregtes gemik kan word nie?

Dit is 'n baie groot gevaar waarteen gewaak moet word. Presies dít het in ander lande gebeur – die eerste opstand in Sri Lanka was teen die Chinese.

En daarom is dit goed dat 'n klein swart elite darem al voordeel uit regstellende aksie getrek het in 'n wit-beheerde ekonomie?

'n Swart middelklas is noodsaaklik vir stabiliteit. Maar dit kan nie net op rassetransformasie gebou word nie; dit moet ook fokus op groei en ontwikkeling, anders is dit 'n baie tydelike stabiliteit. As jy oorhaastig 'n swart middelklas vorm en dit lei tot swak dienslewering, word die massas benadeel, en in plaas van 'n stabiele middelklas skep jy dan 'n onstabiele werkersklas.

Regstellende aksie-kandidate is dus in wese onbekwaam?

Daar is by ons geen twyfel dat baie kandidate bekwaam is nie. Dit is hoekom ons byvoorbeeld twee swart kandidate voorstel om as Eskom se nuwe uitvoerende hoof en voorsitter te dien, naamlik mnre. Brian Dames en Mpho Makwana.

Die Renate Barnard-uitspraak het dus bewys "die keiser is kaal", soos die titel van jou doktorale studie en boek oor regstellende aksie heet?

Die keiser is letterlik kaal, want die polisiediens het buitekant die wet opgetree.

Maar regstellende aksie het steeds 'n plek?

Dit het vir seker 'n plek – almal weet daar is wanbalanse wat bestaan.